

CHRISTENSKAP

in die werkplek

—deur David Malherbe

En as ek my werk verloor?

Wanneer jy jou werk verloor, is dit natuurlik om te voel asof jy in 'n gat val. Alle vooruitsigte waarvoor jy gewerk en oor gedroom het, word deur 'n uiters onseker toekoms verswelg wat skielik uitsigloos en sonder hoop voor jou uitstrek. Behalwe vir die enorme uitwerking daarvan en die paniek oor die verlies van inkomste, is dit die emosionele aspekte wat vernietigend op jou inwerk as jy nie verstaan wat met jou gebeur nie.

Wat bepaal jou identiteit?

Afgesien van ons identiteit in Christus, word ons identiteit ook grootliks bepaal deur ons beroep. Dink maar wat gebeur as ons vreemde delinge ontmoet. Behalwe jou naam en waar jy vandaan kom, is die volgende vraag: "Wat doen jy?" Beroep is 'n bepalende faktor waarvolgens ons mense beoordeel en ons identiteit is nou daarmee verweef.

In 'Without a Job, Who am I?' sê Abraham J. Twerski dat jou identiteit deur drie faktore be-

paal word. Eerstens die groep(e) waartoe jy behoort ('belongingness'), tweedens die plek(ke) waar jy as waardevol beskou word ('worthiness') en derdens waar jy jou vaardighede en bekwaamheid kan aanwend ('competence').

Wie is ek sonder my beroep?

Wanneer jy jou werk verloor, beleef jy 'n identiteitskrisis aangesien al drie hierdie as-

pekte by jou werk tot vervulling kom. Wat sê jy as iemand nou vra wat jy doen? "Ek was 'n ...", of "Ek is tussen beroepe". Wie is ek sonder my beroep? Dit kan veroorsaak dat die werklose sosiale byeenkomste en kontak met mense vermy.

Indien jy 42 uur uit die 168 uur per week werk, behels dit 25% van die tyd. Dit wil sê dat 75% van jou identiteit eintlik buite jou werk bepaal behoort te word. Jy is 'n eggenoot, 'n pa of ma, jou ouers se kind, lid van jou kerk, kultuurvereniging, sportspan, ens. Tog bly die 25% die oorwegend bepalende faktor en krap die verlies daarvan die ander deurmekaar. Indien jy 50 of 60 uur per week by die werk deurgebring het, is die verlies soveel groter.

Steun van familie en vriende

Wanneer iemand dus sy/haar werk verloor, raak die 75%-komponent uiters belangrik vir jou identiteit. Nou is steun van familie en vriende besonder belangrik. Die persoon



moet weet dat familie en vriende steeds opsien na hom/haar vir al die ander rolle wat hy/sy vertolk en vir hulle steeds net so belangrik en waardevol is. Ongelukkig word so iemand dikwels die rug toegekeer deur hul familie en sal selfs 'n huweliksmaat sal partykeer juis dan die huweliksbootjie verlaat. Hierdie kombinasie van negatiewe faktore (verwerping) kan tot depressie met baie negatiewe gevolge lei.

Wees versigtig wat jy dink

"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe." Spr 4:23

John Maxwell beklemtoon in 'Dink vir 'n Verandering', die belang daarvan om op die groter prentjie te fokus en nie net jou eie klein deeltjie nie. Deur jou probleem as deel van 'n groter geheel te sien, raak dit makliker om die uitweg raak te sien.

"... as die versoeking (toets) kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan." 1 Kor 10:13. Vra die Here om die uitkoms vir jou te wys.

Soek 'n ander werk

Dit is almal se eerste gedagte. Ek moet so gou

vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het...en julle sal van niemand afhanklik wees nie." Goeie raad vir almal, maar in besonder vir entrepreneurs.

Almal is nie altyd goeie entrepreneurs nie, maar die meerderheid van ons is wel in staat om vir onself te werk. Die vernaamste kwaliteit vir entrepreneurs is om reg oor sake te dink. 'n Salaris skep 'n gemaksonne, terwyl ons vergeet dat ons primêr van God afhanklik is. Die Here is Jehova Jireh – Die Here wat voorsien. Die Here is eerstens ons Voorsiener, nie ons werkgewers nie (Matt 5:3).

Sou jy oorweeg om vir jouself te werk, maar

"Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is...n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie." Jer 17:5-8

moontlik iets soortgelyk of beter kry, maar dit is nie so maklik nie. Indien jy besluit om 'n ander werk te soek, maak werksoek jou werk. Doen alles in jou vermoë om elke moontlike en onmoontlike roete te ondersoek en moenie moedeloos word en tou opgooi nie. Berei jouself deeglik voor vir die werksoekproses. Richard Bolles se boek, 'What Color is your Parachute?' verskyn vir meer as 40 jaar al jaarliks en is een van die beste hulpmiddels vir werksoekers.

Oorweeg om vir jouself te werk

Paulus sê in 1 Tessalonisense 4: 11-12: "Laat dit

ontmoedig voel, lees 'Die Droomgewer' / 'The Dream Giver' deur Bruce Wilkenson en besoek webwerwe soos www.petesweekly.com

As jy nog jou werk het

Indien jy steeds jou vaste werk het, dink en beplan wat jy sal doen indien jy jou werk verloor. As jy reeds 'n plan in gedagte het, mag die trauma van 'n aflegging aansienlik minder wees, as wanneer dit onverwags gebeur en jy nie daarop voorbereid is nie. Onthou, selfs 'n werk by die grootste maatskappy is 'n valse sekuriteit. (Jer 17:5-8). ■

DAVID MALHERBE besigheids- en loopbaankonsultant, spreker en skrywer. Kontak hom by info@jedidiah.org.za of besoek www.jedidiah.org.za



Guillaume Nel
environmental consultants
Tel: 021 870 1874 www.gnec.co.za

JEDIDIAH
Raising a Standard of Excellence & Significance
www.jedidiah.org.za Tel: 021 873 0262